

**Woensdag 20 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 19:1-15**

**Fokusgedeelte: Psalm 19:12**

**God openbaar Homself, wie Hom erken en na Hom luister, sal beloon word!**

Psalm 19 is 'n digterlike uitdrukking van God se openbaring van Homself in die Natuur, oftewel die algemene openbaring, en die Skriftuur, die besondere openbaring.

In die natuur sien ons God se almag raak en erken ons sy heerlijkheid in die skepping. Die ganse uitspansel, hemel en aarde, dag en nag, groot en klein, stuur 'n boodskap uit oor die hele wêreld wat sonder woorde en sonder klank God verheerlik. En elke oggend as die son opkom en alles op aarde verlig met sy helder strale, dan kan die mens nie anders nie as om God te dien en te loof as die Skepper van hemel en aarde!

Deur die Skriftuur leer ons wat ware wysheid en kennis en insig is. Die Woord van God lei die mens se lewe in God se rigting en daarom loop so 'n lewe uit op blydskap, regverdigheid en geestelike rykdom. Die ware rykdom van die Woord is om die Lewende Woord te leer ken, dit is Jesus Christus ons Here!

En net soos die son die aarde verlig elke dag, so bring Jesus Christus die ware Lig in ons lewe en deur sy Woord en Gees bevestig Hy dit dat ons *in en deur Hom*, met God die Vader 'n diep en innige verhouding kan hê. 'n Verhouding waarin ons ons eie swakheid en sondigheid kan erken en bely, bid om vergifnis en vryspraak, en dan ook met die heerlike troos van ons saligheid en redding te kan leef en sterf!

Saam met die digter van Psalm 19 moet ons bely: *Soeter as heuning en kosbaarder as goud* is die heerlike beloning van die mens wat God se almag en heerlijkheid in die skepping erken en wat Jesus Christus as die Lewende Woord van God in gehoorsaamheid met geloof omhels!

*Sing: Psalm 19-1:1, 4, 5*

*Ds. OJ Struwig (Ockie) (Frankfort)*